




HEILIGE WEEK

HUISGELOOF OORDENKINGS

5 - 12 April 2020



GROOT LYDENSWEEK

Sjoe, sommer net so is ons lewens dramatiese verander! Hier bevind ons onself in 2020 en ons moet weer nuut dink aan gemeenskap met nuwe reëls en 'n nuwe uitdagings. Hoe lyk die wêreld na die Covid-19 virus? Ons bevind onself in 'n tussentoestand - 'n toestand tussen wat was en wat hierna vir ons voorlê.

Ons sou kon sê dat ons tans in 'n oorgangstyd is. Ons kan ook van so oorgangstyd as 'n fase van liminaliteit (afgelei van die Latynse woord "*limen*" wat drempel beteken) praat. In die liminale fase is daar 'n gebrek aan vaste reëls en orde. Dit is 'n fase waar die ervaring van verlies sterk is. Ons is onseker oor waarheen ons op pad is. Gelukkig weet ons God is by ons te midde van ons onsekerheid.

Gelukkig is Lydenstyd ook 'n tussen-in tyd. In Lydenstyd beweeg ons van 'n plek van bewus wees van ons eie seer en sonde, terwyl ons weet dat ons sonde reeds vergewe is. Ons huil saam oor die kruis, terwyl ons uitsien om fees te vier oor 'n leë graf. Die gekruisigde Christus het ook opgestaan en oorwin.

Ons is tussentoestand mense. Ons lewe met die wete dat ons reeds verlos is, maar ons smaak nog nie die volle impak van die verlossing nie. Die koninkryk van God is reeds in ons midde en nogtans is die koninkryk van God ook op pad.

In hierdie liminale fase is daar 'n groot behoefte aan simbole. Dit is 'n tyd waarin die rituele prosesse 'n belangrike rol speel. Daarom is hierdie tussen-in tyd 'n tyd waarin daar nuut geskep kan word, waar ou gebruike afgestof of nuut aangewend kan word. Dit is 'n tyd van kreatief wees!

AKTIWITEITE

Daar is so 4 aktiwiteite vir elke dag van Heilige Week. Dit sal wys wees om 'n bietjie vooraf te lees omdat van die aktiwiteite hier en daar voorbereiding vra.

Ons besef dat kontekste verskil daarom het ons probeer om 'n paar opsies te gee om vanuit te kies. Julle kan een kies of almal doen. Kies dit wat vir julle die beste werk. Verder het ons ook probeer om alternatiewe opsies te gee omdat ons in 'n staat van inperking verkeer en nie sommer gou iets by die winkel kan gaan koop nie.

Wees kreatief en pas gerus aktiwiteite aan om by julle konteks en hulpbronne te pas.

LEES

Die teksgedeeltes kom uit die 1983-vertaling. Gebruik gerus 'n ander vertaling of vergelyk selfs vertalings. Lees vir kleiner kinders uit die kinderbybel of vertel bloot die verhaal. Julle kan ook na videoclips op YouTube kyk.

Laai gerus Die Bybel App / Bible for Kids app van YouVersion af.

Jy kan dit in Afrikaans gebruik. Dit is 'n verskriklike oulike app met kleurvolle illustrasies en interaktiewe animasies. Daar is ook speletjies en aktiwiteite om kinders te help onthou wat hulle leer.



Die Bybel App

VIR KINDERS

Lees meer hier: <https://www.bible.com/af/kids>

PRAAT SAAM

Na die skrifgedeelte is daar vrae om oor te gesels – die vrae is 'n manier om met die teks te “connect”. Dit is geskryf met gesinne met laerskoolkinders in gedagte. Pas die vrae aan vir jou gesin. Dit is belangrik dat die kinders nie alleen antwoord of aktiwiteite doen nie. Onthou, volwassenes is nie toeskouers van kinders se geloof nie. Die kinders moenie voel dat hulle die vermaak van die dag is nie.

HEILIGE WEEK / GROOT LYDENSWEEK

Om saam met Jesus die lydenspad te loop het groot geestelike waarde. Vir eeue lank was dit vir Christene belangrik om dit wat Jesus vir ons gedoen het te herdenk. Terwyl ons onself inleef in die gebeure van die Groot Lydensweek / Heilige Week, word 'n diep spiritualiteit in ons gevorm. Hierdie spiritualiteit word 'n bron van geestelike krag vir die res van die jaar. Hierdie gebeure laat 'n onmiskenbare merk op ons geestelike lewe. Soos wat swaarkry hoop en geloof tot gevolg het (vgl. Rom 5), so plant die Groot Lydensweek die saad van ware vreugde in ons harte.

Hierdie Heilige Week Huisgeloof oordenkings is geskryf en bymekaar gesit om gesinne te help om in die oorgangstyd sinvoller en konstruktief met God te leef.

Mag dit vir julle 'n lekker journey wees en mag dit julle geloof versterk.

Stuur gerus vir ons foto's of deel 'n getuigenis / storie!

PALMSONDAG

Hierdie week begin op Palmsondag. Jesus se intog in Jerusalem word herdenk. Dieselfde skare wat later "Kruisig Hom!" sou skree, skree nou "Hosanna!".

JESUS SE INTOG IN JERUSALEM



LEES

Johannes 12:12-15

Jesus kom in Jerusalem aan en daar is 'n klomp pelgrims wat vir Jesus die "rooi tapyt" uitrol deur hulle klere en palmtakke voor Hom oop te strooi.

PRAAT SAAM

- Hoe lyk 'n koning? Wat doen 'n koning?
- Hoe dink julle sou 'n optog van 'n koning lyk?

Die pelgrims verwelkom vir Jesus met woorde uit die Psalms uit: "Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!" (Ps. 118:26). Hulle dink Jesus is die Messias en "Die Koning van Israel!". Hulle het gehoop Jesus sou hulle red van die Romeine. Hulle het nie mooi verstaan dat Jesus 'n ander tipe koning was wat hulle op 'n ander manier sou red nie. Ons weet egter Jesus is op pad kruis toe.

Die kombinasie van die Verlosser en koning wat in ons lewe inkom, en sy lewe aan die kruis gee, is alles in die palmkruisie saamgevat.

AKTIWITEIT

Vou 'n palmkruisie uit 'n stukkie palm of lang blaar in julle tuin. Indien jy nie 'n blaar het nie, kan jy 'n stuk groen papier gebruik (Kleur sommer 'n stuk papier groen in).

Volg die instruksies op die volgende bladsy om jou palmkruisie te vou. Sit dit gerus iewers waar jy dit kan sien hierdie week.

As jy sukkel kan jy sommer Google. Daar is honderde videos wat baie oulik verduidelik hoe om te vou.

PALMSONDAG



Stap 1

Kies vir jou 'n palmblaar

**Wees versigtig dat die blaar jou nie sny nie.*



Stap 2

Hou die kant met die punt na bo.

(Indien jy 'n papier gebruik help dit om 'n skerper punt te snynsodat jy makliker saam kan volg.)



Stap 3


Vou die blaarsteel na regs omtrent in die helfte van die blaar om 'n 90 grade hoek te vorm.



Stap 4

Vou nou die blaar een maal na onder. Verbeel jou daar is twee driehoeke op die blaar. Die rooi en geel driehoek moet op mekaar lê.

Maak nou weer 'n vou na onder sodat jy 'n klein vierkant gevorm het



Stap 5

Vou die gedeelte met die punt agter om.

PALMSONDAG



Stap 6

Vat die gepunte gedeelte aan die linkerkant en draai dit na jou sonder om 'n vou te maak.



Druk die gepunte gedeelte deur die voorkant van die vierkant.



Trek die gepunte gedeelte heeltemaal deur.



Stap 7

Hou aan die vierkant vas met een hand en trek die vetter en gepunte gedeelte om dit vas te maak. Jy sal nou 'n stewige 90 grade gedeelte hê.



Stap 8

Maak weer 'n draai na jou toe en druk die gepunte gedeelte deur die vierkant. Moenie heeltemaal deurtrek nie.

Hierdie is die boonste gedeelte van die kruis en die basis.

PALMSONDAG



Stap 9

Draai die palmblaar 90 grade sodat die gepunte gedeelte na onder wys en die vetter gedeelte na regs wys.



Stap 10

Vat die vetter gedeelte en vorm 'n bogie weg van jouself af en druk dit agter deur die vierkant. Moet dit nie deurtrek nie.



Stap 11

Trek dit vetter gedeelte tot dit min of meer net so lank soos die "kop" van die kruis is.



Stap 12

Vat weer die vetter gedeelte aan die linkerkant en vorm 'n bogie weg van jouself af en druk dit agter deur die vierkant. Trek dit totdat dit min of meer dieselfde lengte as die ander kant is.



Stap 13

Yay! Nou het jy 'n kruisie!

Sit dit iewers waar jy die hele week daarna kan kyk. Jy kan dit na die tyd as 'n boekmerk gebruik.

PALMSONDAG

DIE PAD VAN DIE DONKIE



LEES

Markus 11:1-11; Lukas 19:28-44

Jesus is 'n Koning, maar 'n ander tipe koning. Hy is 'n Koning wat ons swaarkry op Hom geneem het (aan die kruis). Hy is 'n nederige koning wat op 'n donkie ry (nie op 'n perd of in strydwa nie). Hy is 'n Koning wat lief is vir mense en hartseer is as mense hartseer is, of deur moeilike tye gaan.

DINK SAAM

Het jy geweet dat 'n donkie 'n kruis op hul rug het? Daar is 'n pragtige legende oor hoe die donkies hierdie kruis gekry het.

In Markus het Jesus sy dissipels gestuur om 'n donkie te gaan uitsoek waarop hy kan ry. Volgens die legende wou Jesus 'n donkie hê vir wie niemand meer nut het nie. Die plaasboer wie se donkie dit was, het nie meer geglo hy kan sy werk behoorlik doen nie. Hy wou die donkie van kant maak, maar sy kinders het hom gesmeek om eerder die donkie te verkoop. Die boer het geglo die ou donkie is niks werd nie en wou hom liefse doodmaak. Sy kinders was hartseer en het hul pa gesmeek om die donkie te neem en met 'n tou aan 'n boom vas te bind sodat iemand hom gratis kan neem. Dis waar Jesus se dissipels hom gevind het.

Jesus was op pad na Jerusalem en het sy dissipels gevra om die donkie te gaan haal. Die boer het die dissipels gewaarsku dat die donkie nutteloos is en te klein sal wees om Jesus se gewig te dra. Maar die dissipels het gesê Jesus het aangedring dat hy dié spesifieke donkie wil hê. Die boer was bang Jesus is teleurgesteld in die ou donkie. Maar die oomblik toe Jesus die donkie aangeraak het, het die donkie geweet hy sou enigiets vir Jesus doen.

Die donkie het Jesus op Palm Sondag in Jerusalem ingedra met trots. Hy was daarna baie lojaal aan Jesus. Toe die donkie hoor van Jesus se kruisiging, wou hy Jesus gaan help om die kruis te dra, maar die mense het hom weggejaag. Die donkie het na Golgota gegaan om Jesus aan die kruis te gaan steun. Die skaduwee van Jesus se kruis het oor die skof van die donkie geval en van daardie dag af het die donkie 'n kruis op sy skof gehad. Dit was 'n teken van respek en loyaliteit.

PALMSONDAG

AKTIWITEIT

Al ooit gedink dat die donkie waarop Jesus gery het 'n heilige troon van meer as 'n koning geword het? Hy was die troon van die Seun van God self. Jesus kom wys ons hiermee dat iets waaraan ons min waarde heg soos byvoorbeeld 'n donkie, juis waardevol vir God kan wees. Die donkie was 'n Jesus-draer wat nederig gedien het sonder om die eer daarvoor te kry. Hy het Jesus op Sy laaste rit Jerusalem binnegedra sodat ek Jesus die wêreld kan indra, om "die pad te leer wat Hy wil hê ek moet volg" (Ps. 32:8), en nie waar ék wil gaan nie.

Bou 'n pad in die vorm van 'n kruis iewers in tuin of in 'n kamer in julle huis. Sit verskillende items neer om julle aan groepe mense te dink. Wanneer jy die pad "stap" en aan die items raak, bid vir die mense. Jy kan 'n sensoriese pad bou en letterlik oor verkillende items loop, of jy kan prentjies neersit of teen die yskas plak en met jou vingers oor dit beweeg. Hier is 'n voorbeeld. Bou gerus jul eie pad.




Welkom matjie

Staan op die matjie en sê vir God dankie vir jou huis en jou familie.



Grond

Ruik aan die grond en dink aan ons land. Bid dat almal tydens die gedwonge inperking gehoorsaam sal wees sodat ons die verspreiding van die koronavirus kan vertraag.



Klippe

Staan op die klippe en dink aan mense wat harde tye deurmaak. Bid dat God hulle sal help.



Tou

Staan op die tou en dink daaraan dat die lewe soms deurmekaar voel. Vra vir God om dinge vir jou duidelik te maak en jou deur hierdie tye te help.

'n Stoflap en skropborsel


Staan op die stoflap en dink aan mense wat jou soms verkeers opvryf. Bid dat God hulle sal seën en jou help om saam hulle te kan werk.

Bubble wrap

Staan op die *bubble wrap* en dink aan mense wat beskerming nodig het, wat broos of siek is. Bid dat hulle sal weet dat ons ook nou veral aan hulle dink.

PALMSONDAG

Vind jou pad deur die doolhof. Begin by die pyltjie aan die regterkant en werk jou pad deur die palmtak doolhof totdat jy by die pyltjie aan die regterkant uitkom.



PALMSONDAG

ONS KOLLEKTE



LEES

Matteus 6: 1-18

Met die veertig dae van Lydenstyd, fokus ons spesifiek op praktyke wat deur Jesus in sy Bergrede genoem: gebed, vas en gee aan diegene in nood. Jesus wou seker maak ons verstaan dat ware mag anders lyk as die mag van die Romeine. Ware mag beteken om ander te dien; om vir ander om te gee; om jouself vir hulle uit te giet; om lief te hê.

PRAAT SAAM

- Wat doen julle gemeente om God se koninkryk sigbaar te maak?
- Hoe maak ander organisasies of instansies 'n verskil in julle gemeenskap?
- Hoe kan julle die gemeente of ander plekke help om God se werk te doen?

AKTIWITEIT

Kies 'n leë glashouer of ander houer in julle huis, Versier die bottel of houer met 'n toutjie of lint of plak 'n plakker daarop. Neem dan in hierdie tyd van afsondering kollekte op wanneer julle na 'n boodskap op die radio, TV of internet luister. Wanneer die normale kerkdienste weer begin kan julle julle kollekte na die gemeente neem.

MAANDAG

Ons herdenk Jesus se reiniging van die tempel. Hy demonstreeer op 'n dramatiese wyse dat God se genade bedoel is vir almal en dat dit moet deurbreek na diegene wat op die kantlyn van die lewe staan.

ONDERSTEBO



LEES

Markus 11:15-19

Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiveverkopers het Hy omgegooi. (vers 15b)

PRAAT SAAM

In God se Koninkryk werk dinge “onderstebo”. Dit wat belangrik is in die wêreld (soos gierigheid en sukses) is nie belangrik vir God nie. Lydenstyd is ook ‘n tyd van selfondersoek en belydenis.

- Watter dinge in jou lewe trek jou aandag van Jesus af?
- Waarop wil God hê moet jy fokus?

AKTIWITEIT

Draai ‘n koffietafel onderstebo en pak dan die koppies uit vir teetyd. Maak ‘n pot tee en gesels oor God se onderstebo wêreld.

MAANDAG

HUIS VAN GEBED



LEES

Markus 11:17

Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: "Staan daar nie geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees' nie? Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.'"

PRAAT SAAM

Jesus aanvaar nie sommer net alles nie. Wanneer hy by die tempel kom en die onreg in die tempel sien vat hy 'n sweep, hy gooi tafels om en dryf die geldwisselaars uit die tempel uit.

Die idee dat ons stil en passief voor boosheid moet wees is nie Christus se weg nie. Natuurlik kan ons nie al die boosheid om ons aanvat nie. Maar ons kan kyk na ons gemeenskappe en werksplekke en God vra om ons te lei en te wys wanneer om op te tree.

- Wat tref jou die meeste oor Jesus in hierdie ontmoeting?
- Hoe laat Jesus se reaksie jou voel?

AKTIWITEIT

Gooi 'n laken of kombers oor 'n tafel, lessenaar of stoele om 'n fort (of julle eie "tempel" te bou.

Dink aan 'n area van boosheid wat jou baie pla. Dit kan iets persoonlik wees, iets wat by die skool gebeur of iets wat julle in die gemeenskap raaksien. Praat met die Here daaroor en vra hom om julle te wys hoe julle 'n getroue evangelie-reaksie kan bied.

MAANDAG

DIE REINIGING VAN DIE TEMPEL

Soek die woorde.

R	J	W	D	N	T	K	L	G	V	K	C	P	J	D
O	K	P	U	K	Q	N	T	E	P	T	J	R	E	J
W	Z	Z	I	L	X	X	E	L	X	R	J	I	S	E
E	O	O	W	C	T	N	M	D	U	F	T	E	U	R
R	D	W	E	G	H	X	P	W	V	G	A	S	S	U
S	I	E	V	U	I	X	E	I	E	E	F	T	F	S
N	S	W	E	S	H	K	L	S	R	B	E	E	I	A
E	S	B	R	V	S	E	P	S	G	E	L	R	M	L
S	I	K	K	E	T	H	L	E	E	D	S	H	B	E
J	P	L	O	R	O	A	E	L	W	L	K	O	D	M
Y	E	A	P	V	E	R	I	A	E	Q	S	O	S	H
F	L	G	E	L	L	T	N	A	L	U	M	F	A	J
U	S	W	R	O	E	I	Z	R	W	Q	J	D	L	C
S	P	A	S	E	I	C	K	S	C	Z	E	E	A	K
W	W	Y	J	K	V	E	R	D	R	O	O	G	W	H

JERUSALEM
TEMPELPLEIN
GELDWISSELAARS
DUIWEVERKOPERS
ROWERSNES
JESUS
TAFELS
STOELE
DISSIPELS
PRIESTERHOOFDE
VERDROOG
VERVLOEK
HART
GEBED
VERGEWE

MAANDAG

SKOON GEWAS



LEES

Daniël 6

AKTIWITEIT

Beïndruk jou kinders met hierdie oulike water en seep toertjie.

Stappe:

1. Gooi 'n bietjie water in 'n glasbak of bord
2. Maal lekker baie peper in die water (moenie roer nie)
3. Vra die kinders om te probeer om die peper te "verdryf". Wys vir jou kind dat daar peper (of virus) aan sy/haar vinger vassit
4. Neem nou skottelgoedseep en maak die vuil vinger skoon. Maak seker daar bly genoeg skottelgoedseep op die vinger agter of druk sommer die vinger in die skottelgoedseep
5. Vra jou kind om weer vinger in die water steek en kyk wat gebeur (die peperkorrels sal wegbeweeg van die vinger af)

PRAAT SAAM

Hande-was is die wagwoord die afgelope paar weke danksy die koronavirus. In die proses het hande-was vir ons 'n baie stresvolle handeling geword, wat ons elke keer herinner aan die gevaar wat ons in die gesig staar.

Verduidelik aan jou kinders dat hierdie ons wys hoekom dit belangrik is om ons hande te was, want dit beskerm ons teen kieme. Maar net so is Jesus die Een wat gekom het om ons te beskerm teen alle gevaar.

Lees die verhaal van Daniël in die Leeukuil in Daniël 6 en verduidelik aan die hand van die peperkorrel-beeld. Praat ook hoe God sou aanhou om Sy mense te red en dat God weer 'n Held sou stuur, soos Daniël, wat presies sou doen wat God van hom vra, selfs al sou dit beteken dat hy sterf.

MAANDAG

GEESTELIKE PADTEKENS



LEES

Psalm 121

PRAAT SAAM

- Waarvoor raak julle bang?
- Wat help jou om aan te gaan met jou lewe as jy bang word?

DELF DIEPER

Psalm 121 is 'n psalm oor 'n lewensreis. Dit is 'n pelgrimslied soos daar staan. Dit gaan oor mense wat moet loop. Interessant dit was waarskynlik die liedjie wat gesing is terwyl mense van verskillende plekke af na Jerusalem toe geloop het om in die tempel te gaan aanbid.

In daardie dae was dit nie so maklik soos vandag om kerk toe te gaan nie. Jy het nie net in jou kar geklim en soontoe gery nie. Dit was moeilik en gevaarlik. Die grootste gedeelte van die pad, maak nou nie saak van watter kant af jy gekom het nie, was maar deur die woestyn. En daar was 'n hele klomp goed wat jy moes verreken op jou pelgrimstog Jerusalem toe. Die berge was goeie plekke vir rowers en bendes om in weg te kruip. Daarom is mense ook maar, soos vandag, deur gewapende rowers en somtyds wilde diere oorval. Jy het eintlik jou lewe gewaag en jouself blootgestel aan al hierdie gevare as jy die Here se teenwoordigheid in Jerusalem sou wou gaan opsoek.

Psalm 121 is 'n lied wat op ons pelgrimstog wat ons herinner dat God elke tree van ons pad saam ons is.








AKTIWITEIT

Maak 'n paar geestelike padtekens wat nuwe Christene sal help verstaan hoe ons geloof werk. Byvoorbeeld: Sirkel/vierkant met biddende hande en onder aan skryf jy kortliks: Bid gedurig (1 Tessalonisense 5:17).

Gebruik die Geestelike Padtekens A4 om julle te help.

GEESTELIKE PADTEKENS

Teken jul eie padtekens of gebruik hierdie as inspirasie.



DINSDAG

Ons dink veral aan Jesus se strydgesprekke met die Fariseërs – weer eens beklemtoon Jesus die omvattendheid van God se genade. Aan die einde van dag kyk Jesus en sy dissipels vanaf die Olyfberg oor Jerusalem uit, en Jesus praat oor die einde van die stad.

STRIKVRAE



LEES

Markus 11:27-12:14

PRAAT SAAM

- Wat is dit wat jou die meeste opval uit hierdie lang dag?
- Wat dink julle van Jesus se reaksie op hierdie strikvrae?

DELF DIEPER

Jesus moes 'n hele aantal strikvrae systap. Die Joodse Raad het afvaardiging na afvaardiging na Jesus gestuur om Hom te probeer vastrek sodat hulle genoeg getuienis teen Hom kon versamel om Hom ter dood te veroordeel.

- Die vraag oor die belasting was bedoel om Jesus in die moeilikheid by die Romeinse owerheid te bring.
- Die vraag oor die grootste gebod in die wet was bedoel om Jesus die geleentheid te gee om Homself te inkrimmineer.
- Die vraag oor die opstanding uit die dood was bedoel om Hom by 'n strydgesprek tussen die Sadduseërs en die Fariseërs te betrek.

Die hele dag moes Jesus dus paraat wees en die hele tyd daarteen waak om nie in 'n strik te val nie. Dit moes noodwendig byna ondraaglike spanning meegebring het.

AKTIWITEIT

Speel 20 Questions / 20 Vrae. Iemand dink aan iets – enigiets! Die ander mag dan 20 vrae vra (die antwoorde mag net ja/nee wees) om te probeer uitvind waaraan of aan wie die mens dink. As die ander nie binne 20 vrae kan raai wat dit is nie, verloor hulle, en 'n nuwe rondte begin waar iemand anders weer aan iets kan dink.

Gebruik gerus 'Ek sien met my kleine ogies...' vir die kleintjies.

DINSDAG

KORINGKORREL



LEES

Johannes 12:24-36

“As `n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy `n groot oes in. Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in die wêreld nie bo My liefhet nie, sal die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

DELF DIEPER

Die metafoor van die sterwende koringkorrel is baie effektief. Die Jode het verstaan dat 'n koringkorrel sterf. Dit hou inderdaad op met bestaan. Dit word begrawe.

Uit hierdie sterfte groei egter 'n nuwe lewe wat heerlik later begin vrug dra. En dit is presies die boodskap van Paasfees waaroor die kerk van Christus in hierdie Groot Lydensweek / Heilige Week fees vier. Ons vier fees oor die Eerste Koringkorrel wat op Golgota gesterf het en begrawe is. Ons vier fees oor die nuwe lewe wat uit die graf uitgebars het. Ons vier fees oor die groot oes wat besig is om wêreldwyd ingebring te word. Dit is die lekker deel van Paasfees - die feesviering.

Maar dan kom daar 'n moeiliker saak by... daar word van ons gevra om self ook koringkorrel te word.

PRAAT SAAM

Uit Jesus se dood kom die lewe; na die nag kom die dag; na die winter kom die lente; na die sterwe kom die opstanding! Soos ons eendag sal sterf en opstaan, so moet ons elke dag sterf en opstaan.

- Hoe kan ons elke dag die ou mens met sy slegte gewoontes en sondes begrawe, en as 'n nuwe mens soggens opstaan?

AKTIWITEIT

- Plant 'n saadjie in 'n potjie en gesels oor hoe saadjies ontkiem en groei. Wat het 'n saadjie nodig? Hoe is 'n saadjie vir ons 'n simbool van hoop en nuwe lewe?

DINSDAG

SPEEL MET KLEUR



LEES

Psalm 71:1-14

Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop, ek sal U altyd weer loof. (vers 14)

Johannes 14:16-20

“Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees.” (vers 16)

PRAAT SAAM

In swaarkry tye onthou ons dat Jesus by ons is deur die Heilige Gees wat in ons woon.

- Kyk hoeveel name of metafore (prentjies) julle aan kan dink wat die Heilige Gees beskryf.
- Wat is vir jou tans swaar of 'n uitdaging?

AKTIWITEIT

Die kleure van Paasfees is vrolik en helder – en selfs uitspattig. Baie gemeentes versier die kerkgebou op Paasfees met gekleurde blomme. Dis 'n visuele manier van feesvier.

Teken of verf 'n reënboog en plak die reënboogprente in 'n venster in julle huis of teen jul voordeur sodat mense die reënboog van die straat af sal kan sien. Die reënboog is 'n kenteken van God se belofte en 'n teken van hoop aan ons. Skryf die woorde “Jesus belowe dat Hy altyd by jou is. Sy Gees woon in jou!” op jou reënboog prent. Waar in die Bybel lees ons van 'n reënboog?

Oor die wêreld heen plak mense nou in die Covid-19–tydperk prentjies van reënboë in hulle huise se vensters op sodat almal wat dit sien, kan onthou dat ons lief is vir mekaar en aan mekaar dink in hierdie tyd.

DINSDAG

GESAG



LEES

1 Timoteus 2:1-2

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

INLEIDING

VeVra dat God ons help om die wat in gesag is te respekteer, en om goeie landsburgers te wees

AKTIWITEIT

Bid terwyl julle hande was:

- Duim: Bid vir alle mediese personeel wat sorg vir mense wat met die koronavirus geïnfekteer is.
- Wysvinger: Bid vir president Cyril Ramaphosa en vir al die leiers van politieke partye in Suid-Afrika.
- Middelvinger: Bid vir die polisie, veiligheidsdienste en die weermag wat seker maak ons is veilig en beskerm in ons gemeenskappe.
- Ringvinger: Bid vir onderwysers en dosente wat wil aanhou om studente te onderrig op die heel beste moontlike manier, ten spyte van die uitdagings.
- Pinkie: Bid vir geloofsleiers om met wysheid en onderskeidingsvermoë mense te lei en te bemoedig.
- Palm: Hoe kan ons diensbaar wees?



WOENSDAG

'n Rusdag vir Jesus. 'n Dag waarop Hy gesalf word met duur nardusolie. 'n Dag van afwagting en voorbereiding.

JESUS WORD GESALF



LEES

Markus 14:3-9

Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis. (vers 8)

PRAAT SAAM

Lydenstyd is 'n tyd waar ons dink aan wat Jesus vir ons gedoen het (en steeds doen). Dit help ons dan om na ons eie lewens te kyk en onself te herinner om uit dankbaarheid te lewe. Hierdie toneel is 'n voorbeeld van oorfloedige liefde. Selfs al word sy deur omstanders gekritiseer, verdedig Jesus haar optrede. Hy sê vir die wat mor dat sy besig is om iets baie spesiaals vir hom doen, maar hulle luister nie. Sy toon haar liefde vir hom, solank hy nog met hulle is, op 'n spontane en demonstratiewe wyse. Hierin lê vir ons ook 'n uitnodiging. Ons word uitgenooi om roekeloos te word in ons liefhê, beide in ons verhoudings met die Here en die geliefdes met wie ons ons lewens deel.

- Wat sê hierdie verhaal vir jou oor die hart van dankbaarheid en aanbidding?
- Hoe weet jy jou gesin is lief vir jou? Hoe moet hulle weet jy is lief vir hulle?

AKTIWITEIT

Skryf die woord dankie op klippie of 'n stukkie papier. Gee dit vir mekaar aan. Soos jy dit vir die volgende persoon aangee moet jy iets opnoem waarvoor jy dankbaar is. Hoeveel keer kan julle die klippie bly aangee?

WOENSDAG

TEGNOLOGIESE SABBAT / VAS



LEES

Filippense 4:4

PRAAT SAAM

Gesels ook oor die betekenis van Filippense 4:4.

LAG SAAM

Lag is 'n wonderlike gawe wat God ons gee. Dit help ons om ligter te lewe en om onself nie so ernstig op te neem nie. In die Middeleeue was daar 'n gebruik by gelowiges om tydens Paastyd grappe oor die dood te vertel.

- Het julle 'n boek met grappe in die huis? Ken jy 'n paar goeie grappies?

AKTIWITEIT

Bêre vandag julle selfone, tablette en rekenaars. Sit die TV af. Vandag moet julle speel en lag.

Haal die bordspeletjies, legkaarte of pak kaarte uit en speel saam. Probeer om nie kwaad of geïrriteerd met mekaar te raak nie.

Vou papier vliegtuigies. Vertel spookstories. Speel krieket in die tuin. Speel net. Lag net.

WOENSDAG

DEK 'N TAFEL



FOKUS

In die vroeë kerk het die kerkvaders geglo dat ons fisiese sintuie dikwels eers moet ontwaak voordat ons geestelike sintuie kan ontwaak. Gelowiges was aangemoedig om waar te neem – om teenwoordig te wees: – te éét as hulle eet, te lóóp as hulle loop en te bíd as hulle bid.

Fokus vandag op jou sintuie.

PRAAT SAAM

- Vertel van 'n keer toe jy lekker geëet en gekuier het. Wat het dit spesiaal gemaak?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus by mense gaan eet het?

AKTIWITEIT #1

Vanaand moet julle 'n 'bring-en-eet' ete hou. Elkeen in jul gesin moet hulle eie dis' of gereg voorberei. (Kleuters kan bv vir die poeding sorg deur 'n kitspoeding / jellie op te klits). Die feit dat elkeen iets tot die ete bydra is simbolies daarvan dat julle ook aan mekaar verbind is om in mekaar se lewens te investeer.


Gebruik julle eet-geleentheid om vir mekaar te vertel hoekom julle reken julle aan mekaar verbind is en watter rol die ander persoon/persone om die tafel in elkeen se lewe speel en vir mekaar beteken.


AKTIWITEIT #2


Kleur die plekmatjies saam in as gesin. Skryf sommer iets mooi op die prentjie neer. Indien jy nie die plekmatjies kan uitdruk nie, kan julle elkeen 'n plekmatjie teken. Julle kan ook vir mekaar op 'n papier mooi boodskappe skryf en dit gebruik as 'n plekmatjie.


Dek 'n mooi tafel en hou 'n feesmaal!
















DONDERDAG

Vanaand teen sononder begin die Groot Drie Dae. Ons vier dit eintlik as een groot ononderbroke gebeurtenis. Ons begin deur saam met Jesus en sy dissipels 'n laaste maaltyd saam te eet. Ons herdenk die voetwassing asook van die gebeure ná die maaltyd: Jesus se angstevange gebed in Getsémané. Ons beleef saam met Hom die laaste ure van sy aarde lewe.

DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL



LEES

Lees saam in Matteus 26:26-30.
(Lees gerus uit die kinderbybel uit).

“Neem, eet; dit is my liggaam.”(vers 26b)
“Drink almal daaruit, want dit is my bloed.” (vers 27b-28a)

PRAAT SAAM

Jesus het brood en wyn gebruik om vir die dissipels te vertel van sy kruisdood. Dit help ons onthou wat die belangrikste van ons geloof is. Verduidelik dat die brood en wyn tekens is wat ons aan die liggaam en bloed van Jesus herinner. Dit verseker ons: net soos ons seker is dat ons die brood eet en die wyn drink, net so seker kan ons weet dat ons Jesus se kinders is.

AKTIWITEIT

Bak vandag saam 'n brood. Let op al jou sintuie terwyl julle dit doen.


Daar is resepte op die volgende bladsy.

DONDERDAG

BROODRESEP

Benodighede:

375 ml water
30 ml droeë gis
2.5 ml suiker
1125 ml meel (gesif)
1 eier geel
30 ml melk
Growwe sout



Los die suiker en gis op in die water vir 1 uur.

Voeg die meel by en meng tot glad.

Knies die mengsel vir ongeveer 7 minute.

Sit die mengsel 'n 'n gesmeerde bak, bedek en laat dit rys tot dit in grote verdubbel het. Verdeel die deeg in 2 en rol elke bolletjie in 'n worsie van ongeveer 45 cm.

Gebruik die 2 deeg worsies om 'n ichtus vissie te vorm in 'n gesmeerde oondpan.

Verf die vissie met 'n eiergeel en melk mengsel.

Sprinkel sout daaroor en bak teen 180 °C tot goud geel.

BROOD SONDER SUURDEEG

Benodighede:

1 koppie meel
1t bakpoeier
1t sout
1/2 koppie melk
2 eetlepels mayonnaise

Meng al die bestanddele saam.

Skep die deeg in 'n gesmeerde muffin pannetjie (genoeg vir omtrent 5 rolletjies).

Bak teen 180 °C vir 15 minute lank tot goudbruin.

GOOGLE!

Ons besef jy sal dalk kreatief moet raak omdat jy nie noodwendig die bestanddele in jou koskas het nie. Mense raak egter baie kreatief op die oomblik in isolasie.

Google is your friend!

DONDERDAG

JESUS WAS DIE DISSIPELS SE VOETE



LEES

Hou 'n skottel vol seepwater en 'n handdoek of twee gereed. Lees dan saam uit Johannes 13:1-17 hoe Jesus tydens die Paasmaaltyd die dissipels se vuil voete gewas het. Só het Hy dit duidelik gemaak dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien. Dit is dan ook elke Jesus-volgeling se roeping.

PRAAT SAAM

Jesus was 'n leier, maar soos wat Hy 'n ander tipe Koning was, was Hy ook 'n ander tipe leier as 'n gewone baas. Jesus was bereid om sy dissipels se voete te was – dit was gewoonlik die werk van 'n slaaf – iemand wat niemand se baas was nie en as baie onbelangrik gesien is.

Jesus wou vir sy dissipels leer dat hulle ook bereid moet wees om ander mense te dien en dat hulle nie die base moet probeer wees nie – soos Jesus met sy voorbeeld vir hulle wys.

Jesus wys vir ons dat 'n leier op sy knieë kan sit en mense se vuil voete was.

- Wat sê dit vir ons oor hoe ons lewe as Jesus se volgeling as Hy hierdie tipe leier is?
- Dink aan maniere hoe julle mekaar kan dien in julle huis hierdie week. Elkeen moet 'n beurt kry om vir elke ander persoon te dien. Help mekaar om aan maniere te dink as julle nie kan nie, bv. was miskien die skottelgoed nadat jou ouer vir jou kos gemaak het, verf iemand se naels, bring vir iemand koffie of koeldrank terwyl hulle werk of huiswerk doen, ens.

AKTIWITEIT

Elke gesinslid kry 'n beurt om iemand anders se voete te was en af te droog. Vra daarna vir mekaar wat dit vir elkeen beteken het. Hou dan daardie einste skottel op 'n prominente plek in die huis, sodat julle gedurig daaraan herinner kan word dat julle mekaar moet dien.

DONDERDAG

JESUS BID IN DIE TUIN VAN GETSÉMANÉ



Hier is twee opsies vir oordenking. Die eerste hieronder is meer geskik vir ouer kinders.

LEES

Matteus 26:36-46

'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê:
"My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied." (v. 42)

PRAAT SAAM

- Wat het Jesus in staat gestel om uiteindelik te kan sê: Laat U wil geskied?
- Kan jy ook vir God in moeilike tye vertrou?

DELF DIEPER

Jesus se lewe, soos dit in die evangelies opgeteken is, beklemtoon sy verhouding met sy Vader. Ons sien dit ook in hierdie gebede. Dít is wat Jesus deurgedra het in hierdie verskriklike laaste oomblikke.

- **Die wete dat sy Vader Hom liefhet.** Ons sien dit al met Jesus se doop. Dit was die basis sy verhouding met sy Vader. Hy het Hom verheug in sy Vader se liefde.
- **Die wete dat Hy op sy Vader kon vertrou.** Jesus het geweet dat Hy sy lewe in sy Vader se hande kan plaas met die volle vertroue dat sy Vader sal sorg.
- **Jesus het dwarsdeur sy aardse lewe Homself in sy verhouding met sy Vader verdiep.** Hy het Homself gereeld afgesonder op 'n stil plek om tyd saam met sy Vader deur te bring.
- **Sy kennis van die Woord.** Hy het die Gees konstant by Hom gehad om Hom by te staan en te versterk. Dink aan Jesus se doop, die versoeking in die woestyn en die feit dat daar gesê word Jesus is "vol van die Gees".
- **Jesus het Homself verbind aan God se wil.** "Beywer julleself allereers ... (Matt 6:33) Daarom: nie my wil nie, maar u wil. Hierdie woorde toon 'n diep verbintenis.

GEBED

Maak jou vinger nat met 'n bietjie water en trek 'n kruisie in jou handpalm sodat jy kan onthou dat jy gedoop is.

My Vader, dankie dat ek gedoop is. Dankie dat U my lief is en vir my sorg. Laat U woord en gees my hart en gedagtes nuut maak. Help my om te doen wat U sê. Amen.

DONDERDAG

JESUS BID IN DIE TUIN VAN GETSÉMANÉ



Hierdie opsie is meer geskik vir jonger kinders. Kombineer gerus die twee oordenkings of laat dit weg. You do you.

LEES

Lukas 22:39-46

“Daar het Hy gekniel en gebid” (vers 41b)

Jesus het voor sy kruisdood in die tuin van Getsémané gaan bid. Ons weet daarom dat ons ook kan bid as ons bang of bekommerd is. Ons moet ook vir mekaar bid.

AKTIWITEIT

Elkeen neem 'n Smartie* uit die boksie en bid as volg vir mense:

Pienk – iemand wat siek is.
Groen – iemand wat alleen is
Oranje – iemand wat arm is
Bruin – julle bure of maats
Blou – iemand wat ver is van julle
Pers – iemand wat oud is
Geel – iemand uit 'n ander godsdiens

*(Kyk wat julle in julle huis het en raak kreatief. Jy kan selfs muntstukke neem en aan elke muntstuk 'n individu of groep mens toewys. Of kies bloot ietsie klein om jou aan iemand te herinner en plaas dit in 'n gebedstasie, bv. sit 'n pleister in jul stasie en bid vir mense wat siek is.)

DONDERDAG

JUDAS VERLOËN VIR JESUS



LEES

Lukas 22:47-53

PRAAT SAAM

Judas het gedink as hy Jesus oorgee om gevange geneem te word, sal Jesus 'n oorlog begin teen die Romeine en die Jode sal weer hulle land terughê. God het 'n groter plan gehad as Judas, Hy sou sy eie Seun, Jesus, se lewe gee sodat die hele wêreld die ewige lewe kan hê.

Ons dink baie keer dat ons weet wat God moet doen in ons lewe, maar God weet wat ons nodig het. God is ons liefdevolle Vader en sal altyd vir ons meer gee as wat ons dink (al is dit nie noodwendig die nuutste selfoon, speelding of kar waarvoor ons gevra het nie). God het dit bewys deur aan 'n kruis te sterf in ons plek sodat ons nooit hoef bang te wees vir die dood nie, maar ten volle kan lewe!

- Hoekom is dit partykeer moeilik as mens iets graag wil hê en jy dit nie kry nie?
- Wou jy al iets baie graag hê, maar toe kry jy iets anders wat toe eintlik baie beter was as dit wat jy wou hê? Vertel vir mekaar daarvan.

AKTIWITEIT

Speel vandag 'n uitgestelde beloning (*delayed gratification*) speletjie met die kinders. Sit 'n malvalekker of ander lekkerny iewers sigbaar neer en vertel dat hulle twee sal kry as hulle tot later kan wag. Hoeveel selfbeheersing het die kinders?

- Vra vir God wat Hy vir julle wil gee (Moenie vir iets vra wat julle graag wil hê nie).
- Vra ook vir God om julle geduld te leer om te kan wag vir die regte tyd om iets wat julle nodig het te kan kry.

DONDERDAG

TENEBRAE



Tradisioneel word die Tenebrae – (Afrikaans ‘die skaduwee’) op die Donderdagaand gevier.

AKTIWITEIT

Steek sewe kerse aan, skakel al die ligte af. Laat verskillende persone die gedeeltes lees en blaas daarna elke keer 'n kers dood.

Gaan in stilte uit mekaar.

WAT BETEKEN TENEBRAE?

Jy word gevra om na te dink daaroor dat dit op die aand voor Goeie Vrydag was toe Jesus en sy dissipels vir die laaste keer voor sy dood saam was. Hulle was reeds in die skadu van die kruis toe Hy hulle voete gewas het en die Heilige Nagmaal ingestel het.

Tenebrae is die Latynse woord vir skaduwees. Die geleidelike uitdoof van die kerse is simbolies van die toenemende duisternis wat die skaduwees vir Jesus al hoe donkerder laat word het. Sy angste in Getsémané, sy arrestasie, die vlug van sy dissipels, die bitterhaat van sy vyande en die dreigende skaduwee van die kruis het al hoe donkerder geword. Die oomblikke van totale duisternis vanaand, herinner ons daaraan dat Hy in die graf neergelê is.

SKRIFLESINGS

Na elke lesing sê die leser: **“Here, wees genadig”**
die ander reageer met: **“Christus, wees genadig.”**

- | | |
|--------------------------------------|--------------------------|
| 1. Die skaduwee van verraad: | Matteus 26:20-25 |
| 2. Die skaduwee van innerlike stryd: | Lukas 22:40-44 |
| 3. Die skaduwee van eensaamheid: | Matteus 26:40-45 |
| 4. Die skaduwee van verlatenheid: | Matteus 26:47-50, 55, 56 |
| 5. Die skaduwee van beskuldiging: | Matteus 26:59-67 |
| 6. Die skaduwee van spot: | Markus 15:12-20 |
| 7. Die skaduwee van die dood: | Lukas 23:33-46 |

GOEIE VRYDAG

Ons herdenk die dieptepunt van Jesus se lyding, die kruisiging. Ons staan stil by elkeen van die sewe kruiswoorde van Jesus. Ons bly by Hom terwyl Hy vasgespyker word, ons hoor hoe Hy uitroep: "Dit is volbring!", beleef die drie ure van duisternis; en word simbolies saam met Hom begrawe net voor sononder.

STASIES VAN DIE KRUIS



'Stasies' verwys na die die Latynse woord wat beteken om 'stil te staan by...'

Hier is 'n voorstel om stil te staan by verskillende momente op Jesus se Kruispad. Tradisioneel word 'Agnes Dei' (Lam van God) en/of 'Pie Jesu' (Jesus ly) by die geleentheid gesing. Vra die ouers kinders om te help om 'stasies' in die huis op te stel. Speel musiek in die agtergrond. Lees die verskillende gedeeltes en gee telkens 'n paar minute om daaroor na te dink.

LEES

1. Jesus bid in die tuin van Getsemane. (Luk 22:39-46)
2. Jesus word deur Judas verraa. (Luk 22:47-53)
3. Jesus word deur die Sanhedrin veroordeel. (Luk 22:66-71)
4. Jesus word deur Petrus verloën. (Luk 22:54-62)
5. Jesus word deur Pilatus veroordeel. (Luk 23:1-5, 13-25)
6. Jesus word gespot en met die doringkroon gekroon. Lk 22:63-65, Lk 23:6-11
7. Jesus dra sy kruis. (Johannes 19:17-18)
8. Jesus word deur Simon van Sirene gehelp. (Luk 23:26)
9. Jesus praat met die vroue van Jerusalem. (Lk 23:27-31)
10. Jesus word gekruisig. (Lk 23:33-38)
11. Jesus beloof sy koninkryk aan die 'goeie' rower. (Lk 23:39-43)
12. Aan die kruis Jesus, praat Hy met sy moeder en die geliefde dissipel. (Johannes 19:26-27)
13. Jesus sterf aan die kruis. (Lk 23:44-49)
14. Jesus word begrawe. (Lk 23:50-56)

GOEIE VRYDAG

DIE KRUIS IS 'N SIMBOOL



LEES

Matteus 27:27-56

“Hierdie man was werklik die Seun van God.”

PRAAT SAAM

Vertel van iemand vir jy baie lief is. Hoekom is jy lief vir daardie persoon?

DELF DIEPER

Sjoe, by die kruis sien ons die mensdom op sy slegste, maar God op Sy beste! As gevolg van die kruis moet Jesus se volgelinge op hulle Jesus-beste wees ten spyte van die wêreld se slegste!

Die mense van Litaue neem die kruis ernstig op. Vir hulle simboliseer die kruis geloof, hoop en liefde. Daar is oraloer kruise – op die platteland, langs die paaie, die stadsparke en dorpspleine. Die nasie se trots is egter die heuwel van kruise (the Hill of Crosses, noord van Siauliai). Die mense van Litaue het die kruise daar van die middel 19 de eeu opgerig. Maar die destydse Soviet Unie het nie sulke geloofsbelewensisse geduld nie daarom het hulle die heuwel in 1961, toe weer in 1973 en 1975 probeer verwoes. Maar die verwoesting was tevergeefs, want die mense van Litaue het net weer en meer kruise opgerig totdat dit verwoesting daarvan in 1980 beëindig is! Vandag is daar derduisende kruise wat Litaue se geloof en hoop en liefde vir Jesus simboliseer. Want vir hulle is die kruis meer as 'n simbool in die kerk. Dit is 'n simbool wat die wêreld moet sien. Dit is die simbool van die grootse offer ooit. 'n Offer wat vir elkeen hoop, geloof en moed gee!

AKTIWITEIT

Maak en versier 'n kruis met voorwerpe wat julle uit die natuur kry. (Probeer om niks af te breek of te sny nie, maar meestal die voorwerpe op te tel). Bind 'n rooi tou en spyker om die middel van die kruis om julle te herinner aan Jesus se bloed wat vir ons aan die kruis gevloei het sodat ons sondes verlos kan word. Weggesteek het. As julle nie 'n tuin het nie kan jy 'n kruis maak uit afvalpapier wat in julle huis is of julle kan een teken.

Sit julle kruise almal saam waar julle daarna kan kyk.

GOEIE VRYDAG

JESUS WORD AANGEKLA



LEES

Matteus 27:1-2, 11-26

PRAAT SAAM

- Plaas jouself in verskillende mense se skoene. Pilatus, Pilatus se vrou, die skare, Jesus. Hoe laat dit jou voel?
- Vir die kleintjies kan jy vra hoe elkeen van die karakters se gesigte moes gelyk het. Hulle kan dit ook teken.

DELF DIEPER

Desmond Tutu het gesê: “If you are neutral in situations of injustice, you have chosen the side of the oppressor. If an elephant has its foot on the tail of a mouse and you say that you are neutral, the mouse will not appreciate your neutrality.”

Pilatus probeer hom verontskuld aan Jesus se bloed, maar dit drup steeds van sy hande af. Wanneer ons staan en kyk hoe iets verkeerd teenoor iemand gedoen word en ons doen niks om te help nie, is ons net so skuldig soos die persoon wat die verkeerde daad doen.

Voor die Joodse Raad en na sy veroordeling deur Pilatus, word Jesus aangerand, bespot en verneder – uitgelewer aan massa-histerie, aan “mob violence”. Hierdie gebeure spreek van diepe onreg, van magsmisbruik en opportunisme

AKTIWITEIT

Hande was het vir ons nou nuwe betekenis gekry. Pilatus was sy hande om te sê hy het geen skuld aan Jesus se dood nie, ons was ons hande juis om mense veilig te hou. Hoe hoor jy die verhaal hierdie jaar anders as verlede jaar?

Druk julle hande in 'n bak water en was saam hande. Maak 'n lysie van mense of groepe in ons wêreld wat julle dink onderdruk, uitgebuit of uitgestoot word deur ander mense. Dink dan aan een mens of groep wat vir wie julle graag wil wys dat Jesus hulle liefhet. Gesels oor hoe julle dit gaan doen.

GOEIE VRYDAG

GOEIE VRYDAG?



LEES

Johannes 19:17-30

Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas. (v. 30)

DELF DIEPER

As mens hierdie gedeelte lees wil mens nie praat van Goeie Vrydag nie! Vir die mense wat daar om die kruis gestaan het was dit eers die slegste van Vrydae voordat dit die beste van Vrydae geword. Hierdie gedeelte wys vir ons duidelik hoe swaar Jesus gely het op hierdie dag! Ons kan nou praat van Goeie Vrydag om ons 'n ander perspektief het op hierdie gebeure. Alles hang af van hoe jy na die Man aan die kruis op daardie Vrydag kyk.

Daar was eenmaal 'n man wat 'n groot lawaai in die bank gemaak het toe hy 'n kennisgewing teen die deur gelees het. Hy het aangedring om met die bestuurder te gesels en uitgeroep: “Wat gaan van al my beleggings en geld hier word?”

Dit blyk toe dat die persoon die volgende sin verkeerd verstaan het: WE WILL BE CLOSED FOR GOOD FRIDAY.

Waarskynlik was Paassondag nie op die persoon se voorgrond nie en hy het gedink die bank maak “for good” toe – vir altyd! Dit is volbring! Wat wel ‘for good’ toe is, is ons sonde-rekening, want Jesus het dit ten volle betaal met Sy dood aan die kruis! Dit maak van daardie Vrydag op Golgota 'n Goeie Vrydag – iets wat jou en my lewe dryf ‘for good’!

AKTIWITEIT

Vat 'n paar eiers en blaas die inhoud uit in 'n bakkie. **Hou die leë doppe eenkant!** Wenk: Gebruik 'n speld / naald / spyker om 'n gaatjie weerskante op die punte van 'n eier te maak (verruim die gaatjie maar dat daar darem iets kan uitkom). Hou die wit en geel van die eier eenkant en maak vir julle 'n lekker ontbyt of “brunch”.

GOEIE VRYDAG

LEË DOPPE



LEES

Johannes 19:17-30

Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas. (v. 30)

AKTIWITEIT

Die eiers wat uitgeblaas is, wat nou net 'n leë dop is, moet nou geverf word. Elkeen in die gesin moet nou 'n prentjie op die eier verf of teken. Die prentjie beeld iets uit oor wat Paasfees vir jou beteken. Daar is geen reëls nie, behalwe dat elkeen, as almal klaar is, sy prentjie aan die res moet verduidelik.

- Wat is die betekenis van die simboliek / uitbeelding wat jy op jou eier geverf het?

'n Ander baie oulike idee vir die jongspan is om die eiers wat uitgeblaas is te vul met gekleurde verf (gebruik 'n inspuiting of enige bottel met 'n klein tuit. Spuit verf in die leë eiers. Plak die gat van die eier dan weer toe met maskeerband. Plak groot velle wit papier (A3 as dit kan) teen 'n plak oppervlak (bv. ou stuk hout). Die kinders gooi dan die eiers met die verf na die papier en maak hulle eie 'Spat Kuns'. Jy kan dit selfs raam na die tyd. Die beginsel wat ons wil tuisbring by die kinders is dat daar iets baie mooi 'gemaak' word as die eiers breek (soos die resultaat van Jesus se dood).



STIL SATERDAG

Tradisioneel is Stil Saterdag 'n dag van stilte en nadenke. Saam met Goeie Vrydag is Stil Saterdag ook 'n vasdag. Dit is dus dae van innerlike stilword, van afsondering.

Stil Saterdag volg nadat Christus se liggaam van die kruis geneem en in die graf neergelê is.

STIL EN SWART



LEES

Jesus in die graf (Lukas 23:56b)

VISUEEL EN SIMBOLIES

Die kleur wat met Stil Saterdag geassosieer word is swart. Plaas 'n eenvoudige kruis op 'n strategiese plek in julle huis waar almal dit 'n hele paar keer deur die loop van die dag sal sien. Die kruis kan in swart gedrapeer word. 'n Mens sou op hierdie dag 'n swart kledingstuk kon dra, of 'n gordyn of blinder sou vir die hele dag toegetrek kon bly sodat (byvoorbeeld) die leefvertrek van die huis die hele dag donker bly.

STIL SATERDAG

LAMENT



LEES

Psalm 38 en 88

DELF DIEPER

Dit is nie maklik om die angsk en smart van Jesus se volgelinge en familie die dag na sy kruisiging, te begryp nie. Stil Saterdag moes vir hulle 'n dag van pynlike lament gewees het. Lament is die gebedstaal van diegene wat hul lyding na God toe bring. Lament roep uit tot God, vra God moeilike vrae en protesteer teen die onregverdige lyding rondom ons. Maar, lament is nooit 'n doel op sigself nie. Omdat ons geloof in die lewende God is, lament ons altyd in die wete dat God ons geroep hoor en met goedheid en genade sal optree. Ons weet dit omdat ons die Psalms gelees het, die geskiedenis van God se volk ken, en die Godverlate geroep gehoor het van die Gekruisigde Een wat nou die grense van die kruisiging oorgesteek het.

AKTIWITEIT

Leer vandag lament se gebedstaal. Lees twee Psalms oor lament: Psalm 38 en 88. Let op die rou taalgebruik, die integriteit van die Psalmdigter en hoe lof en lament dikwels saam in dieselfde Psalm voorkom. Kies een of twee lyntjies uit enige een van hierdie Psalms, sinne wat in woorde oordra hoe jy soms in oomblikke van angsk en verdriet voel, en spreek dit teenoor God uit. Jy kan dit opvolg deur met God die besondere pyn wat jy nou in jou hart voel, te deel.

Gesels bietjie met mekaar en deel julle belewenis, emosies en gedagtes rondom die uitdagings van Covid-19. Deel met mekaar julle vrese, bekommernisse – maar ook dit wat julle opgewonde maak.

STIL SATERDAG

DONKERKAMERTJIE



Donkerkamertjie is 'n speletjie, soortgelyk aan wegkruipertjie, wat in die donker huis (of vertrek) gespeel word. Die kinders besluit vooraf waar daar weggekruip mag word en wie eerste “aan” is. Die kind wat “aan” is moet dan tot 20 tel voordat hy/sy na die ander kan begin soek. Die speletjie kan handig te pas kom as die krag af is (ESKOM mag ons egter in hierdie tyd genadig wees, so wag maar tot die aand om hierdie speletjie te speel).

Hier kan die speletjie gebruik word om kinders te help om hulle vrees vir die donker te oorkom.

PRAAT SAAM

Die feit dat Jesus belowe het dat Hy ons NOOIT alleen sal laat nie, selfs nie as dit donker is nie, is die waarheid waaraan ons wil hê ons kinders moet vashou. Hy het ‘alleen-wees’ ervaar, dat ons nie daarvoor bang hoef te wees nie.

STIL SATERDAG

STILTE



LEES

1 Konings 19:11–13

PRAAT SAAM

- Waar dink julle is die stilste plek in die wêreld en hoekom dink julle so?
- Watter plek is jou gunsteling plek om stil te word of om God te ontmoet / waar voel jy die naaste aan God?

DELF DIEPER

In 1 Konings 19:11–13 lees ons 'n storie van God en Elia. “Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verby gaan.” Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte. Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak ... toe hoor hy die stem – God se STEM!

AKTIWITEIT

Die “lockdown” bring 'n ongekenende stilte in ons midde. Iets waaraan ons nie gewoond is nie.

Stap om die huis of in die tuin. Of maak die vensters oop en maak julle oë toe. Luister hoe stil dit is. Luister hoeveel verskillende geluide julle kan hoor.

Praat oor “refresh”-oomblikke in ons lewens en om te “reboot”. Die rekenaars, tablette en selfone moet gereeld “refresh” of “reboot” word, om optimaal te werk. - wat van julle? Dink aan maniere waar julle as gesin gereeld kan stil word.

OPSTANDING SONDAG

Opstandingsfees. Ons vier die feit dat Jesus opgestaan het uit die dood. Hoe kan ons opstanding vier as ons nie die week saam met Jesus geloop het nie? Ware vreugde was nog altyd die uitvloeisel van 'n tyd van duisternis en lyding.

WAKKER WORD



LEES

Markus 16

AKTIWITEIT

Maak almal vroegoggend wakker, sodat julle saam die son kan sien opkom en só Jesus se opstanding kan begin vier. Dit herinner ons daaraan dat Jesus lankal reeds die duiwel en sy vriende – sonde en dood – oorwin het. Niks kan jou ooit van God se liefde skei nie.

PRAAT SAAM

Lees Efesiërs 5:8 saam. Deel julle gedagtes.

OPSTANDING SONDAG

PAASEIERS



LEES

Lukas 24:1-12

Paasfees word al baie jare lank met soetgoed gevier. Ná die hartseer herdenking van Jesus se lyding en sterwe het ons nou die geleentheid om sy oorwinning oor die dood met heerlike eetgoed te vier - en veral paaseiers!

PAASEIERS

Steek vroeg oggend paaseiers vir die kinders in die tuin weg.

Herinner die kinders aan die vroue en dissipels wat vroeg Sondag oggend vir Jesus in die tuin gaan soek het. Hulle was nie so gelukkig nie. Hulle het Hom nie gekry nie, maar dit was juis die verrassing!

God verras ons met sy seëninge.

Laat die kinders nou die paaseiers gaan soek

IETSIE OULIK

- 'n Marshmallow-paaseier laat jou aan 'n regte eier dink, en 'n eier is 'n simbool van lewe.
- Die sjokolade-paaseier is leeg aan die binnekant, en dit herinner jou aan die leë graf.
- Die sjokolade herinner jou boonop daaraan dat Jesus vir jou die soetste en lekkerste soort lewe gegee het (Joh 10:10). Die soetigheid laat dink ons aan Jesus se oorwinning oor die dood.
- Die skoelapper is die simbool van hoe Jesus se opstanding jou lewe radikaal verander – van 'n ruspe wat alles opvreet wat voorkom, na 'n skoelapper wat blomme bestuif en dus lewe bring. Van 'n sondaar wat net op homself en sy behoeftes gerig is, tot 'n nuwe mens wat met sy lewe ander mense se lewe verryk.

OPSTANDING SONDAG

VIVIT – HY LEEF!



LEES

Lukas 24:13-35

PRAAT SAAM

- Wat laat jou hart warm klop?
- Hoe weet jy dat Jesus / God ook vandag lewe?

AKTIWITEIT

Skryf ná die Paasnaweek op jul huis se voordeur soos die kerkhervormer Martin Luther dit by sy huis gedoen het. Hy het met 'n stuk bordkryt teen sy muur in groot, vet letters geskryf: VIVIT. Dit is Latyn vir “Hy leef!”

Los dit daar, sodat julle gesin gereeld daaraan herinner kan word om Jesus se opstanding te “beoefen” deur Hom daaglik te volg.

OPSTANDING SONDAG

KLIP



LEES

Lukas 24:1-6

Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang van die graf af. (vers 2)

PRAAT SAAM

- Hoe laat 'n verrassing jou voel?

AKTIWITEIT

Elkeen in die gesin soek 'n mooi klip in die tuin of in julle omgewing. Die klip laat ons dink aan die groot klip wat voor Jesus se graf weggerol is. Gebruik verf of penne om die klip te versier. Skryf op die klip iets soos "Jesus lewe" en gesels saam oor die betekenis van Jesus se opstanding. Jy sou ook 'n boodskap van bemoediging vir iemand anders kon skryf of selfs net 'n reënboog op die klippe verf.

Hou dan julle klippe tot na die lockdown. Loer bietjie op die internet na groepe wat klippe met die hand verf en dan op plekke versteek sodat ander dit kan vind. Die idee is om die klippe op te tel en weer op 'n ander plek te versteek vir iemand anders om te vind. Daar is groepe regoor die land! Kyk of julle 'n plaaslike groep kan opspoor. Neem dan 'n foto van julle klippe en gaan steek dit na lockdown weg sodat iemand anders dit kan vind. Hou die Facebook-blad van jul groep dop om te sien wie julle klippe gevind het. En hou julle oë oop vir iemand anders se klippe!

KLEI ('N ALTERNATIEWE AKTIWITEIT)



AKTIWITEIT

Maak soutklei aan met een van die resepte op die volgende bladsy. Maak dan 'n leë graf met 'n groot klip. (Het jy Lego wat jy kan gebruik om die toneel uit te beeld?)

Of laat die kleiner kinders met die klei op die kleimatjies speel.

SPEELKLEI RESEPT

ONGEKOOKTE SAGTE SOUTKLEI

1/2 koppie water
1 eetlepel sonneblomolie
2 koppies koekmeel of broodmeel
1/2 koppie sout
Voedselkleursel

1. Meng die water en sonneblomolie.
2. Roer die meel en sout in.
3. Knie tot brooddeeg. Indien nodig, voeg nog water by.
4. Voeg die voedselkleursel by.
5. Knie tot die kleur deeglik ingemeng is.
6. Bêre in 'n plastieksakkie of plastiekbakkie om die klei sag te hou.



GEKOOKTE KLEI

500 ml (2 k) meel
500 ml (2 k) water
30 ml (2 e) olie
30 ml (2 e) olie
500 ml (2 k) sout
20 ml (4 t) kremetart
Voedselkleursel

1. Meng al die bestanddele in 'n kastrol
2. Kook oor medium hitte en roer met houtlepel tot 'klei' 'n bol begin vorm.
3. Verminder hitte en hou aan roer totdat die bol lekker solied is.
4. Knie vir 2 minute.
5. Laat afkoel voor spel en bêre in 'n houer in die yskas.

SPEELKLEI MATJIE

Lamineer hierdie bladsy of bedek met kontakpapier.
Versier die paaseiers met klei.





SPEELKLEI MATJIE

Lamineer hierdie bladsy of bedek met kontakpapier.

Maak 'n groot klip wat voor Jesus se graf was. Maak vir die son strale en vorm die letters.

IEAMETH
HY LEVE!



SPEELKLEI MATJIE

Lamineer hierdie bladsy of bedek met kontakpapier.

Maak die vorms op die paashasies uit klei uit.

